# LAERSKOOL MIKRO

***… waar kind nog kind kan wees …***

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


27/2022

23 Augustus 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Heelwat maatskappye/instansies het al 'n selfoontoring op hul gronde laat oprig, wat 'n maandelikse huurinkomste vir hulle beteken, aangesien die betrokke selfoonmaatskappy huur daarvoor betaal. In ons skool se onmiddellike omgewing het die NG Kuilsrivier Suid-gemeente en Hoërskool De Kuilen reeds sulke torings op hul gronde. Ons is die afgelope paar maande deur die proses van Beheerliggaamgoedkeuring en vele ander stappe wat die goedkeuring van Stad Kaapstad en die onderwysdepartement insluit.

Die area waar die selfoontoring opgerig gaan word, is aangrensend aan die park langs die skool, waar dit die minste impak op ons skoolaktiwiteite sal hê. Die toring sal "gekamoefleer" word en die selfoonmaatskappy sal vanaf die park toegang daartoe hê deur middel van 'n hek. Indien u enige navrae in dié verband het, kontak gerus vir my (lmouton@laerskoolmikro.co.za) of vir mnr Johan Vermeulen (jvermeulen@laerskoolmikro.co.za).

Komende naweek ontvang ons vir Laerskool Hartenbos en enkele spanne speel ook teen ander skole. Ons versoek dat alle Mikro-leerders (deelnemers en toeskouers) met wedstryd-klere/sportklere of skoolklere die sportgeleenthede op Vrydag en Saterdag sal bywoon. Ons maak ook staat daarop dat almal (personeel, ouers en leerders) goeie gashere/gasvroue vir Hartenbos sal wees en dat 'n goeie sportmangees gehandhaaf sal word.

Weens vroeë wedstryde en die ontvangs van Hartenbos, sal die skool op Vrydag, 26 Augustus 2022 vir almal om 12:30 sluit.

Ek herinner u daaraan dat u nie Donderdag, 25 Augustus 2022 (18:30 in die skoolsaal) se inligtingsessie oor sosiale media, wat deur Rachelle Best aangebied word, moet misloop nie.

Ons wil graag meegevoel teenoor Christiaan van Wyk (Beheerliggaam Voorsitter) en Stephanie van Wyk (Inligtingsentrum koördineerder) betuig met die afsterwe van Christiaan se ma. Ons wens vir hul familie sterkte toe in hierdie moeilike tyd.

## 2. KONSERT – KOSPAKKIEBESTELLINGS

Elke leerder gaan die komende week 'n kospakkiebrief ontvang. U as ouer kan vir 'n kind 'n kospakkie vir elke aandvertoning bestel en sodoende verseker wees dat alle hongerpyne gestil word. Elke leerder moet hul eie bestelvorm invul. Ons weet sommer dat dit die aand nog meer spesiaal sal maak.

## 3. LALASINI DIGITALE TYDSKRIF

Mikro gaan weer deel wees van die volgende uitgawe. MikroKosmos se artikel verskyn eersdaags in hierdie baie besonderse tydskrif. 'n Skakel sal met alle ouers gedeel word sodra die uitgawe die lig sien. Sien aangehegte Lalasini-advertensie.

4. **FEES 50 LANGTAFEL:** **WOENSDAG, 12 OKTOBER 2022**

Kom sluit saam met ons Fees 50 op `n hoë noot af!!! Ons hou weer `n **spoggeleentheid** in die vorm van `n **Langtafel** waar u `n heerlike 3-gang maaltyd (wyn ingesluit) saam met ons wonderlike Mikro-familie kan geniet.




Skakel gerus die skool by 021-9032126 of me. Thea Visser (tvisser@laerskoolmikro.co.za) om as `n gasvrou/-heer op te tree **of** `n kaartjie te koop. Die gasvrou/-heer het die geleentheid om haar/sy eie gaste te nooi teen R350pp. Al ander verpligting as gasvrou/-heer is om die aand die tafel se wyn op die tafel te plaas en ys saam te bring.

Moenie hierdie ongelooflike geleentheid misloop nie!!!

5. **KONSERTKAARTJIES - VERSKIETENDE STER 20 SEPTEMBER 2022 tot 22 SEPTEMBER 2022**

Kaartjieverkope vir die spogproduksie open môre-aand vanaf **18:00 - 19:00** in die gr. 5 tot 7-vierkant. Vanaf Donderdagoggend sal kaartjies gedurende die dag by ontvangs beskikbaar wees **BEHALWE** op Vrydag, 2 September 2022. Kaartfasiliteite sal beskikbaar wees. Kom koop betyds om teleurstelling te voorkom.

**Koste:**

| | |
|---|---|
| Volwassenes: | R80 (Voor in saal/galery) |
| Laerskool/voorskoolse kinders: | R50 (Voor in saal/galery) |
| Volwassenes: | R70 (Agter in saal) |
| Laerskool/voorskoolse kinders: | R40 (Agter in saal) |




6. **STAKING VAN BUITEMUURSE PROGRAM VIR KWARTAAL 3**

- Die buitemuurse program (gr. R - 7) vir die 3de kwartaal stop amptelik op Saterdag, 27 Augustus 2022 teen Laerskool Hartenbos.

- Slegs die volgende spanne oefen nog daarna vir die toernooi by Mikro op Saterdag, 3 September 2022:

  | | |
  |---|---|
  | Netbal: | o.10A, o.11A, o.12A en o.13A. |
  | Rugby 7's: | o.10A, o.11A en o.13A. |

  Hierdie spanne se afrigters sal self met hul ouergroepe hul oefentye reël ter voorbereiding van hierdie toernooi.

## 7. AFSKOP VAN ATLETIEKSEISOEN: INTERHUIS ATLETIEKPROGRAM 2022

**(Hierdie inligting is aanvullend tot die Kwartaalprogram)**

- **Maandag, 5 September 2022**
  - Geen ander buitemuurse aktiwiteite nie, slegs atletiek.
  - Die normale atletiekoefenrooster soos gedurende die 1ste kwartaal word die middag gevolg.
  - **Oefening is slegs vir gr. 6 & 7.**

- **Woensdag, 7 September 2022**
  - Geen ander buitemuurse aktiwiteite nie, slegs atletiek.
  - Die normale atletiekoefenrooster soos gedurende die 1ste kwartaal word die middag gevolg.
  - **Oefening is slegs vir gr. 4 & 5.**

- **Maandag, 12 September 2022**
  - Geen ander buitemuurse aktiwiteite nie, slegs atletiek.
  - Die normale atletiekoefenrooster soos gedurende die 1ste kwartaal word die middag gevolg.
  - **Oefening is slegs vir gr. 6 & 7.**

- **Woensdag, 14 September 2022**
  - Geen ander buitemuurse aktiwiteite nie, slegs atletiek.
  - Die normale atletiekoefenrooster soos gedurende die 1ste kwartaal word die middag gevolg.
  - **Oefening is slegs vir gr. 4 & 5.**

- **Maandag, 26 September 2021**
  - Geelspan oefen groepsang met rasieleiers in die saal.
  - Gr. 4 – 7: Blouspan en rooispan oefen naellope en aflosspanne word uitgevang.
  - **Dit vind in skooltyd plaas vanaf 09:20 - 10:10.**
  - Grondslagfase se naellope-oefening vind om **08:20 - 09:20** plaas.

  Na skool:
  - Geen ander buitemuurse aktiwiteite nie, slegs atletiek.
  - Die normale atletiekoefenrooster soos gedurende die 1ste kwartaal word die middag gevolg.
  - **Oefening is slegs vir gr. 6 & 7.**

- **Dinsdag, 27 September 2022**
  - Blouspan oefen groepsang met rasieleiers in die saal.
  - Gr. 4 – 7: Geelspan en rooispan oefen naellope en aflosspanne word uitgevang.
  - **Dit vind in skooltyd plaas vanaf 09:20 - 10:10.**
  - Grondslagfase se naellope-oefening vind om **08:20 - 09:20** plaas.

  Na skool:
  - Geen ander buitemuurse aktiwiteite nie, slegs atletiek.
  - Die normale atletiekoefenrooster soos gedurende die 1ste kwartaal word die middag gevolg.

- ❖ **Oefening is slegs vir gr. 4 & 5.**

- **Woensdag, 28 September 2022**

    - ❖ Rooispan oefen groepsang met rasieleiers in die saal.
    - ❖ Gr. 4 – 7: Blouspan en geelspan oefen naellope en aflosspanne word uitgevang.
    - ❖ **Dit vind in skooltyd plaas vanaf 09:20 - 10:10.**
    - ❖ Grondslagfase se naellope-oefening vind om **08:20 - 09:20** plaas.

- **Donderdag, 29 September 2022**

    - ❖ Byeenkoms vir velditems o.10 tot o.13 vind plaas.
    - ❖ Begintyd vir byeenkoms is 13:00.
    - ❖ Skool verdaag om 12:30.

**NB!! Die volle buitemuurse program met krieket, tennis, atletiek, kuns ens. begin op Dinsdag, 11 Oktober 2022.**

- **Dinsdag, 11 Oktober 2022**

    - ❖ Geelspan oefen groepsang met rasieleiers in die saal.
    - ❖ Gr. 4-7: Blouspan en rooispan oefen naellope en aflosspanne word uitgevang.
    - ❖ **Dit vind in skooltyd plaas vanaf 09:20 - 10:10.**
    - ❖ Grondslagfase se naellope-oefening vind om **08:20 - 09:20** plaas.

- **Woensdag, 12 Oktober 2022**

    - ❖ Blouspan oefen groepsang met rasieleiers in die saal.
    - ❖ Gr. 4-7: Geelspan en rooispan oefen naellope en aflosspanne word uitgevang.
    - ❖ **Dit vind in skooltyd plaas vanaf 09:20 - 10:10.**
    - ❖ Grondslagfase se naellope-oefening vind om **08:20 - 09:20** plaas.

- **Donderdag, 13 Oktober 2022**

    - ❖ Rooispan oefen groepsang met rasieleiers in die saal.
    - ❖ Gr. 4 – 7: Blouspan en geelspan oefen naellope en aflosspanne word uitgevang.
    - ❖ **Dit vind in skooltyd plaas vanaf 09:20 - 10:10.**
    - ❖ Grondslagfase se naellope-oefening vind om **08:20 - 09:20** plaas.

- **Saterdag, 15 Oktober 2022**

  Interhuis baanbyeenkoms begin om 08:00.


Voorspoed vir die week.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET

VUMA


NAGMARK
Vrydag 2 September | 17h00 tot laat
BONFIRES OM ONS WARM TE HOU EN LEKKER TE KUIER
KUILSRIVIERFEES
Saterdag 3 September | 10h00 tot 17h00
MERRY-GO-ROUND
VERMAAK | STALLETJIES
HEERLIKE EET- EN DRINKGOED
KREDIET/DEBIETKAARTE WELKOM BY KOSVERKOPE
AGS GEN-TOT-GEN
h/v Walnut & Kerkstraat
Rouxville, Kuilsrivier
G2G


FREELANCE ADVERT MARKETERS
required for online magazine
LALASiNi
DIE VLOEI VAN KENNIS, KULTUUR & INNOVERING
THE FLOW OF KNOWLEDGE, CULTURE & INNOVATION
Applicants must meet the following criteria for applying:
Own a computer
Proficient in Excel, Outlook and MSWord
Have good communication skills - written and spoken
The position will incorporate some administration tasks and will involve online as well as in person marketing. A good grasp of time management is needed as well as the ability to multi-task.
Marketers will work as independent contractors and remuneration will be a percentage of the ads sold by them.
Please email your CV with contactable references to:
info@lalasini.co.za


Kersfees Sterlig Mark
ONS SOEK UITSTALLERS
met handgemaakte produkte
Wanneer : 12-17 Desember 2022
Waar : NG Kuilsrivier Suid
Tyd : 12:00—20:00
Koste : R350 vir die 6 dae
: + 15% kommisie
Vir meer inligting stuur epos:
bestuur@suidkerk.org.za of
bespreek@suidkerk.org.za
Aansoeke sluit op 2 September 2022
Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid